



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN  
NOVEMBER 2008

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 2½ uur

100 punte

---

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die bepunting van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

---

## VRAAG 1

- 1.1
- 1.1.1 Werkgewers sal maklik kan agterkom as hulle lieg, ens. (Enige goeie interpretasie wat 'n **les** inhou) (1)
- 1.1.2 Kandidate moet een verskoning kies. Daarna moet hulle 'n goeie motivering gee waarom hulle dié verskoning gekies het. Die punt word vir die motivering toegeken; albei dele moet gegee word. (1)
- 1.2 C Om lesers te vermaak en lekker te laat lag. (1)
- 1.3 Mense wat voorgee dat hulle siek is terwyl hulle eintlik niks makeer nie. (1)
- 1.4
- 1.4.1 Hy het die verskoning moeilik geglo. (1)
- 1.4.2 "te dik vir 'n daalder" (1)
- 1.5 "Eers dán sal hy **sy pak klere** kan aantrek ..." (1)
- 1.6 Baie mense besoek openbare toilette / gaan in en uit / iemand moes hom gehoor het. (1)
- 1.7 (a) Die muishond het gestink. (✓)  
(b) Die storie was moeilik om te glo. (✓) (2)
- [10]

## VRAAG 2

- 2.1 Die menslike liggaam is terselfdertyd broos en sterk. (1)
- 2.2 Die gemiddelde / gewone mens (1)
- 2.3
- 2.3.1 oog
- 2.3.2 boud
- 2.3.3 mond / kakebeen
- 2.3.4 oor (4)
- 2.4
- 2.4.1 ONWAAR. (✓) "Haarvate (die kleinste bloedvate) is vyftig keer dunner as menslike hare." (✓) (2)
- 2.4.2 ONWAAR. (✓) "Spiere wat nie meer werk nie ..." (✓) (2)
- eerste deel korrek en motivering verkeerd / ontbreek (1)
  - eerste deel verkeerd en motivering korrek (0)
  - eerste deel ontbreek en motivering korrek (0)
- [10]

### VRAAG 3

3.1

3.1.1 Hy swaai sy kop vinnig in die rigting van die kombuis met groot oopgesperde oë. / Hy is baie geskok om die nuus te hoor. (1)

3.1.2 Sy gooi haar hande in die lug (✓) en laat die skottelgoed op die grond val. (✓) Die strepies om haar kop dui skok aan. (✓) (2)

3.2 Sy was besig om skottelgoed te was. (1)

3.3 Hulle seun en Annatjie is nog op skool en hulle sê dat hulle getroud is. (1)

3.4 Baie min katte word 18 jaar oud / 'n Kat van 18 jaar is al 'n baie ou kat. / Die mense is geskok omdat hulle kinders jonk trou, maar die ma-kat wil haar kleintjie op agttien jaar uit die huis hê. (1)

3.5 Een en twintig / 21 (op die sleutel teen die muur) (1)

3.6

3.6.1 vir Annatjie (sy bruid) / vir sy ma (1)

3.6.2 om dankie te sê dat sy met hom getrou het / om haar te kalmeer na die skokkende nuus (1)

3.7 Hulle is nog op skool. / Die bruidegom bly nog by sy ouers. (1)

**[10]**

<b>30 punte</b>
-----------------

## AFDELING B OPSOMMING

### VRAAG 4

#### Bespaar só krag in die badkamer

1. Vervang jou elektriese tandeborsel deur een wat met batterye werk of met 'n outydse tandeborsel.
2. Neem eerder 'n sponsbad as 'n gewone bad of stort.
3. Jy kan baie elektrisiteit bespaar deur 'n geiserkometers vir jou geiser te koop.
4. Jy sal geen elektrisiteit gebruik as jy jou eie sonwaterverhitter bou en installeer nie.
5. Jy kan 40 persent op jou kragrekening bespaar deur 'n sonwaterverwarmer wat met fotoselle werk te laat installeer.
6. Gebruik 'n "donkie" waarin jy water verwarm met behulp van paraffien of 'n houtvuur.
7. As jy net 'n bad in die huis het, moet jy nie die bad te vol tap nie en die water met jou hele gesin deel.

#### Nasiënmetode

- Nie puntsgewys nie -1
- Geen punt vir 'n verkeerde feit nie
- Twee feite in een sin – net eerste feit word nagesien
- Feit strek oor twee punte – slegs 1 punt word toegeken
- As 'n **sin** direk uit die teks aangehaal is -½ vir elke direkte aanhaling
- Te lank (110+ woorde) of te kort (90- woorde) -1

Dieselfde taalfout word nie meer as een keer gepepenseer nie.

Spelfoute word nie gepepenseer nie.

Taalfoute in verkeerde feite word nie gepepenseer nie.

'n Maksimum van 4 taalfoute word gepepenseer met ½ punt per fout

Inhoud: maksimum 7

Taal: maksimum 2

Woordtelling: maksimum 1

**10 punte**

## AFDELING C POËSIE

### VRAAG 5

- 5.1 Iemand probeer met iemand anders kommunikeer. / In albei gedigte wil die spreker nader aan sy geliefde kom. / Om kontak met geliefde te maak (1)
- 5.2 Die een gebruik 'n outydse metode deur 'n **posduif** te stuur. (✓) Die ander een probeer sy geliefde met sy moderne **selfoon** bel. (✓) (2)
- 5.3
- 5.3.1 Niemand sal 'n rooiborsduif skiet nie / Jagters sal die duif vir die son aansien. (1)
- 5.3.2 Die selfoonkaart was beskadig / die selfoon se battery was pap. (1)
- 5.3.3 Die boodskap het nie die anderkant bereik nie / ... van die selfoon af verdwyn. (1)
- 5.4
- 5.4.1 Die oseane het geskitter (✓) en die bome het groen geword. (✓) (2)
- 5.4.2 Sy pen was gebuig / nie reguit nie (✓) en hy kon nie die brief in die koevert kry nie. (✓) OF Hy kon nie die woorde geskryf kry nie. (✓) (2)
- 5.5
- 5.5.1 Hy wou sy geliefde herinner aan sy liefde vir haar / Hy wil sy liefde opnuut verklaar. (1)
- 5.5.2 Hy wou alles wat in sy hart was aan sy geliefde vertel. (1)
- 5.6
- 5.6.1 "Ek gooi my rooiborsduif hoog in die lug (en ek)" (1)
- 5.6.2 "met 'n takkie blare in sy bek." (1)
- 5.7
- 5.7.1 Die duif moet 'n takkie terugbring. (1)
- 5.7.2 Hy wil 'n bewys hê dat die duif sy boodskap afgelewer het / Hy wil 'n boodskap terug ontvang. (1)
- 5.8
- 5.8.1 "My liefde moet soos 'n engel by jou bly" of "soos van vlerke waarmee jy nie kan vlieg nie." (1)
- 5.8.2 "my vingers te dom ..." (1)
- 5.9 B Die spreker verduidelik hoekom hy 'n duif gebruik om die boodskap af te lewer. (1)
- 5.10 "Toe" (1)
- [20]**

## VRAAG 6

- 6.1 Dit sal vir hom 'n groot straf wees om hemel toe te gaan. (1)
- 6.2 Hy glo dat 'n mens per vliegtuig hemel toe gaan. / Hy dink dat hy in die hemel sal rondvlieg. (1)
- 6.3 Hy sê dat die hemel vir hom soos die hel sal wees. (1)
- 6.4
- 6.4.1 Die strate van goud en die poorte van pêrels. (1)
- 6.4.2 Hy sal die hele dag vloek. (1)
- 6.4.3 Hy sal nie seks in die hemel mag hê nie. (1)
- 6.5
- 6.5.1 Die kleurlingtaal wat hy gebruik / Hy wil teer op die regering se nuwe beleid van besluitneming / Florrie Soetwater is 'n tipiese kleurlingnaam. (1)
- 6.5.2 1994 toe die Apartheidsera verby was en die nuwe regering oorgeneem het / toe alle mense in Suid-Afrika dieselfde regte gekry het, ten spyte van hul velkleur / die Nuwe Suid-Afrika / die era van die reënboognasie. (1)
- 6.6 Dalk is haar man dood, of miskien is sy intussen geskei. (1)
- 6.7 Dis waar al die dooies is / dis baie stil daar / alles in die hemel is van klip gemaak / die lewe daar is onbuigsaam, soos harde graniet. (1)

[10]

**30 punte**

## AFDELING D KOMMUNIKATIEWE TAAL

### VRAAG 7

- Hele sin moet korrek wees om 1 punt te verdien.
- Onderstreep foutiewe spelling, maar moenie penaliseer nie

- 7.1 Dollie vra vir Jeremy of dit nie die snaaksste grappie is wat hy al gehoor het nie. (1)
- 7.2 Sy beplan om vir hom 'n geheim te vertel en hy moet belowe om vir niemand daarvan te vertel nie. (1)
- 7.3 Sy skree: "Jy het nie simpatie met my probleme nie!" (1)
- 7.4
- 7.4.1 Hy probeer verskoning vra, nietemin wil sy nie na sy redes luister nie. (1)
- 7.4.2 Sy wil nie na sy redes luister nie alhoewel hy verskoning probeer vra. (1)
- 7.5 Jeremy antwoord: "Nee, ek het nog nooit iets lelids van jou gesê nie." (1)
- 7.6 Twee minute gelede het sy in trane uitgebars (✓) toe sy die situasie nie langer kon hanteer nie. (✓) (2)
- 7.7 Die papiermannelietjie en -vrouletjie wat Jeremy vir Dollie gee, is nogal oulik. (1)
- 7.8 Hy word deur haar vergewe en sy gee hom 'n drukkie. (1)
- 7.9 Sy stuur vir hom 'n soentjie wanneer hulle by die volgende klas aankom. (1)
- 7.10 Hy is nou heeltemal uitgeput wanneer / as hy langs sy vriend gaan sit. (1)
- [12]**

### VRAAG 8

- Spelling moet korrek wees.
- As totaal 'n halfpunt insluit, rond af tot volgende heelgetal.
- Moenie penaliseer as antwoorde met hoofletters begin nie.

- 8.1 periodes
- 8.2 argumenteer
- 8.3 snaakser
- 8.4 smoorkwaad
- 8.5 op
- 8.6 gebroke
- 8.7 aanhoudend / aanmekaar
- 8.8 dra
- 8.9 somersklere
- 8.10 aggressiewe
- 8.11 graf
- 8.12 plannetjie
- 8.13 met behulp van
- 8.14 halfeen
- 8.15 vm.
- 8.16 lewe

**[16 ÷ 2 = 8]**

## VRAAG 9                   KOMMUNIKASIE-SITUASIES

- 9.1
- Ek kan nie glo dat jy dit aan my kan doen nie! (ongeloof)
  - Ek moes geweet het jy maak net vals beloftes. (bitterheid)
  - Ek sal nooit weer so 'n geleentheid kry nie, dis te aaklig. (hartseer)
  - Ek gaan vir al my vriendinne vertel dat my man nie geld het om my oorsee te neem nie. (dreigement)

Taal = 2 punte (½ af per fout)

Inhoud = 4 punte (register moet korrek wees)

(6)

- 9.2 Kan jy glo hoe hulle mekaar uitmoor?  
Kyk hoe is hulle besig om mekaar dood te skiet!  
Kyk net hoe besoedel hulle die lug!  
Kyk, daar is alweer taxigeweld.  
Sies, kyk hoe word ons stad besoedel!

Taal = 2 punte

Inhoud = 2 punte

(4)

[10]

<b>30 punte</b>
-----------------

**Totaal: 100 punte**